Preek
24 Februarie 2008
Ds Freddie Schoeman

Voorverlede week: man wat deur tier gejaag is.

Hang tussen tier en klippe: sien en eet die aarbeie

Wat stel 'n mense in staat daartoe? Die lewe – en dit in oorvloed – 'n lewe van liefde, vreugde en vrede.

Hoe kry ons hierdie lewe? – Deur God te volg – deur op God se spoor te loop

Verlede week: – éérste kenmerk: *God het jou lief*

Vandag: tweede kenmerk van God se spoor: *God sorg vir jou*

Metafoor: God se huisgesin – deel van 'n nuwe familie (Paulus skryf dit aan mense wat deur hulle families verwerp is omdat hulle Christene geword het.) – God is die Vader – Hy ken elkeen se behoefte – Hy sorg vir elkeen

(Daarom: Jesus: Moenie bekommer nie …)

Waar kom bekommernisse vandaan? Hoekom is vrees, angs, en bekommernis deel van ons lewens. Rede: bedreigings. Ons leef in 'n gevaarlike wêreld waar ons lewens konstant bedreig word.

Ons lewe word bedreig op 'n paar maniere:

- **gebrek aan lewensmiddele**. –
    - ons het sekere dinge nodig om te oorleef: kos, water – dit is ons basiese lewensbehoeftes. Bekommernis is: dat ons dalk nie genoeg gaan hê om van te lewe Daarom: maak soveel as moontlik bymekaar – bou 'n buffer tussen hongersnood en dors / nie genoeg om net die basiese te hê nie – wil baie meer hê!
    - Dit lei tot – hebsug – die begeerte, die drang om méér en méér te wil hê. Die gevolg van hebsug – ons kan nie meer die goeie wat God gee geniet nie – geen vreugde.
    - **Waarheid:** die Here gee meer as genoeg – daarom moet ons met mekaar deel. (Paulus 2 Kor 8/9 - Handelinge 2) – die wete bring vreugde – die goeie wat die Here gee geniet. (Snit: Entertaining Angels)

- **gebrek aan beskerming** –
    - blootgestel aan gevaar:
        - misdaad - ander mense wat ons goed wil hê (veiligheid en sekuriteit) /

        - siektes: lewensbedreigende – terminale
        - op reis
    - bekommernis: dat iets gaan gebeur (ongeluk) wat my skade gaan berokken – en wat dalk my lewe gaan neem –
    - Dit lei tot: magsug – die drang, begeerte om grootste moontlike mate van kontrole en beheer uit te oefen sodat ons onsself kan beskerm. Hoe meer ons in beheer is – hoe veiliger voel ons. Ons wil nie uitgelewer wees nie.
    - Gevolg: vrede verdwyn. Kommer oor gevaar steel ons vrede.
    - **Waarheid:** ons lewe is altyd in die hande van die Here – maak nie saak wat gebeur nie. Die Here beskerm ons elke dag – gesond opstaan / behoue terugkom na 'n reis / nou ontkomings / . As die slegste met ons gebeur: die Here is altyd daar om ons by te staan, krag te gee – ons is in sy hande. Die wete bring *vrede*.

- **gebrek aan regvergdigheid** –

    - iemand voor ons inry / ander mense word bo ons bevoordeel – op 'n baie diep vlak in ons psige is dit geweldig bedreigend.
    - Bekommernis: dit gaan lei tot gebrek aan lewensmiddele en beskerming.
    - Lei tot selfsug; 'n oordrewe omsien na ons eie belange. Ons staan op ons regte – ons veg vir ons regte.
    - **Waarheid:** dat die Here omsien na ons belange – dit maak dat ons na die belange van ander kan omsien – dit is liefde.

Waarheid: God sorg vir ons

- Hy gee vir ons wat ons nodig het – bevry ons van hebsug – stel ons in staat om die goeie te geniet – vreugde te ervaar.
- Hy hou sy hand oor ons – bevry ons van magsug – stel ons in staat om ware vrede te beleef
- Hy sien om na ons belange – bevry ons van selfsug – stel ons in staat om lief te hê

Die rol van gemeenskap – huisgesin – Handeling 2:44-45

Bevryding van hebsug, selfsug en magsug – herstel van liefde, vreugde en vrede – ons moet vir mekaar 'n veiligheidsnet wees. Die Here wil ons gebruik om vir mekaar te sorg.

Lotsverbonde aan mekaar: as een lid ly, ly al die lede saam – as een lid bly is, is almal saam bly.

Eranda se getuienis.